

B.X. DE WET ESSAY

Die studente-essay wat as die beste beoordeel word uit dié wat voor 30 Junie in die voorafgaande jaar vir beoordeling voorgelê word, word jaarliks in Akroterion gepubliseer. Die kompetisie word geborg deur die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika en alle voorgraadse studente mag deelneem. Honneursstudente mag in gelykgenommerde jare inskryf. Daar is 'n prys van R250 verbonde aan hierdie essay wat vernoem is na die Suid-Afrikaanse klassikus B X De Wet.

DIE HERDER EN DIE WOLF

'N VERGELYKING TUSSEN DIE KARAKTERS VAN AENEAS EN TURNUS

A de Kock (Latyn 3; Universiteit van Stellenbosch)

1. Inleiding

Ek het as onderwerp vir my opstel besluit om 'n vergelyking te doen tussen die karakters van Aeneas en Turnus hoofsaaklik om twee redes. In die eerste plek wil ek graag sien in watter opsigte hulle ooreenstem. Daar word altyd gehamer op die verskil tussen hulle, naamlik Aeneas as die toonbeeld van *pietas* (trou) en Turnus as die toonbeeld van *furor* (woede). Hierdie eienskappe wil ek in albei uitwys met die oog op die tweede rede vir my onderwerpskeuse, naamlik dat 'n mens se omstandighede tot 'n groot mate jou handeling bepaal en dat uiteenlopende mense dikwels dieselfde reageer in eenderse situasies. Tot hierdie tweede rede, was ek aangespoor deur die woorde van Blanckenberg (1980:3):

“...hoe beïnvloed oorlog die optrede en lewens van individue — altyd ten kwade of soms ten goede? Kan die optrede van die mens binne 'n oorlogsituasie sin gee aan oorlog, dit verhef tot iets veredelends? Of verontmenslik oorlog noodwendig? Is die slottoneel van die epos daarop bereken om die leser van die held te vervreem? Hoe moet ons oordeel oor die heroïek van Turnus? Wat is heroïek...Om op meedoënlose wyse die vyand uit te delg of om aan die oorwonnene genade te betoon?”

Daar bestaan geen eenvoudige vertaling vir die selfstandige naamwoord *pietas* nie (byvoeglike naamwoord, *pius*). Blanckenberg (1980:7) definieer dit breedvoerig as “'n sin vir sosiale verantwoordelikheid” en hy vertaal dit met woorde soos “vroomheid”, “trou”, “deernis”, “liefde vir jou vader” ensovoorts. *furor* kan eenvoudig vertaal word met “woede” of “waansin” — enige irrasionele, aggressiewe emosie. In my vergelyking gaan ek kyk na die byvoeglike naamwoorde waarmee elkeen beskryf word, maar hoofsaaklik fokus op die vergelykings wat deurgaans voorkom. Ek gaan veral fokus op Boek XII waarin Aeneas en Turnus vir die eerste (en laaste) keer van aangesig tot aangesig teenoor mekaar te staan kom en waar die epos eindig op 'n onverwagte noot en byna abrupt. Hierdie onverwagse einde het al baie vraagtekens geplaas oor Aeneas se karakter wat tot op daardie punt byna oral as “pius” beskryf word.

My studie is nie daarop gemik om 'n oordeel te vel, of om redes te probeer uitwys vir elkeen se optrede nie. Ek voel Vergilius het juis sy epos só geskryf dat elke individuele leser sy eie interpretasie moet maak deur selfstandig te dink oor dit wat hy/sy gelees het. Ek wil bloot dieper gaan kyk na die teks self sonder om tussen die lyne te lees, en sodoende sien hoe sekere beelde eeue-oue literêre metafore is. Nie net sal dit my 'n beter begrip gee van die werk self nie, maar ook insig in ander, meer moderne tekste.

2. Eerste kennismaking met die twee helde

[Alle aanhalings uit die Latynse teks kom uit Fairclough (1930, Vol. I & II).]

Reeds in die proëmium word 'n beeld van Aeneas as *pius* geskep: “'n buitengewone man vanweë sy pietas”. Dit is dus uit die staanspoor iemand wat gerespekteer sal word en met wie 'n karakter soos Turnus moeilik sal kompeteer. Ons “ontmoet” Aeneas die eerste keer in reël 92 van Boek I. Aeneas is vreesbevange tydens 'n groot storm op see. Hy roep wanhopig sy spyt uit dat hy sy vaderland verlaat het en nie eerder dáár gesterf het nie, want hy dink dat hy sekerlik nou sal sterwe. Hierdie beskrywing is in sterk kontras met ons eerste ontmoeting met Turnus waar hy vol selfvertroue is en as die “arrogante Rutuliër” beskryf word. Hulle word dus onmiddellik so voorgestel dat die leser 'n voorkeur kry. Maar deur die ontwikkeling van die verhaal word hulle karakters baie meer kompleks en word dit moeilik om kant te kies.

Die eerste vergelyking waarmee Aeneas beskryf word, is dié van die kunstenaar (Boek I, r. 586-593). Sy skoonheid, wat Venus vir hom gegee het, word vergelyk met die handewerk van 'n kunstenaar. Die hele beskrywing het 'n bonatuurlike gevoel, 'n onmenslikheid, wat versterk word deur die woorde *deo similis* (soos van 'n god). Turnus word vir die eerste keer genoem in reëls 55 en 56 van Boek VII. Hier word 'n beeld van hom geskep wat baie ooreenstem met dié van Aeneas — “maar Turnus, met sy invloedryke voorgeslagte, was die skoonste van die skaar” (Blanckenberg 1980:199). Maar daar word nie verder uitgebrei oor sy skoonheid nie en die beskrywing is geensins goddelik soos dié van Aeneas nie.

Die eerste keer wanneer Aeneas as persoon met iets vergelyk word, is die herders-beeld in Boek II, reëls 304-310. Dit is 'n belangrike vergelyking wat weer in Boek XII voorkom en som Aeneas se hele lewe as 't ware op: hy moet die herder wees wat sy volk moet lei, beskerm en gaan vestig op 'n geskikte plek. Nadat Aeneas wakker geskrik het vanweë die geraas van soldate wat al nader kom, gaan staan hy op die dak van sy vader se huis en kyk uit oor die stad wat al verder en verder afgebreek word. Soos 'n herder wat geskok is wanneer hy sien hoe vuur of waterstrome ploeglande vernietig, voel Aeneas magteloos: *stupet inscius* (r. 307). In die moderne tyd, voel 'n mens amper geneig om dit te vergelyk met die Christendom se beskouing van Christus as die herder.

Ons eerste direkte kennismaking met Turnus word aangetref in Boek VII (r. 413) waar hy lê en slaap in die middel van die nag en deur die Furie Allecto oorval word. Maar waar Amata eers mal gemaak moes word om haar onverantwoordelik te laat optree, is Turnus 'n makliker geval: die irrasionele element is reeds daar. Al wat Allecto hoef te doen is om hom te oortuig dat sy eer gekrenk is. Aanvanklik is sy vermom as die bejaarde Calybe, 'n priesteres van Juno. Sy vertel aan hom dat Juno haar gestuur het en dat hy moet wapens opneem teen die Trojane en geregtigheid moet eis van Latinus (Quinn, 1968:181). [Turnus steur hom nie aan haar waarskuwings nie. Hy word reeds vroeër beskryf as arrogant (*audacis Rutuli*, r. 409) en hy lag haar uit (*vatem inridens*, r. 435). Ons sien al klaar sy veglustigheid in die woorde *bella viri pacemque gerent, quis bella gerenda* (r. 444) — “die mans sal oorlog en vrede maak, want deur hulle moet oorlog gevoer word”. Maar wanneer sy dan verander na Allecto, word hy oorval met vrees en 'n oorlogsdrang.]

Die eerste vergelyking waarmee Turnus beskryf word, is dié van 'n kookpot (r. 462-466) — die eeue-oue vergelyking van woede met vuur en goed wat kook. Dit is in sterk teenstelling met die eerste vergelyking wat Aeneas beskryf wat 'n dromerige gevoel wek. Die onstuimigheid van die inhoud in die pot word op drie maniere beskryf wat die gevoel van irrasionaliteit in Turnus net verder versterk. 'n Mens kan die intense woede visualiseer asof dit iets tasbaars is. Die drie woorde vir vloeistof vorm 'n trikolon wat opbou in

onbeheersdheid — *latices, aquai* en *amnis*. In die laaste reël van die vergelyking, word die inhoud 'n golf (*unda*).

Vertaling van reëls 464-466:

“...die vloeistof dans rond van die hitte; binne-in druis die skuim van die water en nou hou die golf homself nie meer terug nie en die water stoot stoom in die lug in”.

'n Opsomming van Turnus se toespraak aan sy manne, net ná hierdie konfrontasie met Allecto, dui op die warboel van sy gedagtes (r. 467-470). Eerstens sê hy dat die vrede bedreig is en dat hulle moet opmasjeer na die koning om Italië te beskerm en die indringer te verdryf; dan sê hy dat hy 'n eweknie is vir beide Trojaan en Latyn. Hy gee nie regtig om wat die geval is nie; hy soek aksie, en aksie beteken vir hom oorlog; die reg of verkeerd van die saak is ondergeskik (Quinn, 1968:182).

Die vrees wat sy konfrontasie met Allecto gewek het, word twee maal geëggo in Boek XII. Turnus word lam van vrees wanneer hy die onheilsvoël gewaar wat Jupiter gestuur het (r. 867) en in reël 895 sê hy reguit vir Aeneas: “Jou kokende woorde maak my nie bang nie, woeste een; die gode en vyandige Jupiter maak my bang”. Hierdie vrees skep 'n sekere mate van simpatie en bewondering by die leser; simpatie vanweë Turnus se magteloosheid as gevolg van die Noodlot, en bewondering omdat hy as kryger niks vrees in die oorlog nie.

Net voor die kookpot-vergelyking, beskryf Vergilius Turnus se drang na wapens op 'n meesterlike wyse (r. 460-462):

*arma amens fremit, arma toro tectisque requirit;
saevit amor ferri et scelerata insania belli,
ira super...*

Die baie a-klanke, die elisie in *arma amens*, die alliterasie in *toro tectisque*, die trikolon wat gevorm word deur *arma, arma* en *ferri* en nog vele meer, versterk alles die idee van 'n oorweldigende waansin wat opgesom word deur die enjambement van *ira super*. Alhoewel die woord *furor* nie in hierdie beskrywing gebruik word nie, is hierdie vir my die mees raak beskrywing van *furor* in die hele epos. Verder is *arma amens* 'n eggo van Aeneas se eerste reaksie toe hy gestaan en kyk het hoe Troje al verder vernietig word: *arma amens capio* (Boek II, r. 314). Aeneas het op daardie oomblik dieselfde waansin as Turnus ervaar: *furor iraque mentem praecipitant* (woede en waansin dryf my verstand). Dit is vir my 'n aanduiding van hoe 'n mens se omstandighede jou optrede bepaal en 'n rede om nie sonder meer 'n oordeel oor enige iemand te vel nie. Die groot verskil kom in die woorde wat volg op *arma amens capio*, nog in dieselfde versreël: *nec sat rationis in armis* (en tog is daar nie genoeg nadenking in wapens nie). Hierdie tweede helfte van die versreël dui op een van die grootste verskille tussen die twee helde — Aeneas die rasonele en Turnus die irrasionele. Aeneas het sedertdien ontwikkel as karakter en meer bewus geword van die lewe as geheel in teenstelling met die oomblik.

Maar beide word beskryf as adellik. Voordat ons Turnus direk ontmoet, kan ons sy goeie afkoms aflei uit die woorde van Amata (Boek VII, r. 371-372):

“En Turnus, as die oorsprong van sy huis
weer nagespoor word, het Inachus en ook
Acrisius as voorvaders gehad,
en stam uit die hartjie van Mykene” (Blanckenberg, 1980:211).

Ook Turnus word beskryf as ongeëwenaar in fisiese skoonheid terwyl hy die Latyne aanmoedig tot oorlog en verder word sy adel en fisiese vaardigheid geprys (Boek VII, r. 473-474):

“...Sy jeug en liggaamsbou,
sy weergalose skoonheid streef die een,
die ander sy koninklike voorgeslag,
nog een die edele daad van sy hand” (Blanckenberg, 1980:215).

Reeds voordat die twee helde teenoor mekaar te staan kom, word ons gekonfronteer met 'n magdom van ooreenkomste en verskille. Dit dra dan ook by tot die opbou van die spanning tussen die twee wat 'n hoogtepunt bereik in Boek XII. Die groot verskil wat egter vanaf die eerste kennismaking aan ons duidelik is, is dat Turnus 'n ingeboude veglustigheid het — hy maak as 't ware oorlog ter wille van oorlog. Aeneas maak oorlog wanneer omstandighede dit onvermydelik maak.

3. *Turnus: die rivier, die wolf, die arend, die leeu...en die hings*

Aan die begin van Boek IX stuur Juno vir Iris na Turnus toe om hom aan te moedig om Aeneas se kamp aan te val aangesien dié op hierdie stadium by Evander is. Weer eens word Turnus beskryf as arrogant: *audacem Turnum* (r. 3). Wanneer sy weermag, met hom as die kaptein in die middel, oor die velde masjeer, word hulle vergelyk met die Ganges en die Nyl. Die vergelyking beskryf as 't ware die stilte voor die storm (r. 30-32):

“net soos die Ganges as hy stilweg met
sy sewe stil riviere hoog opstoot
of soos die Nyl wanneer hy vrugbaar met
sy vloed terugstroom uit die vlakte
en eindelijk weer terugsink in sy bed” (Blanckenberg 1980:258).

Hierdie skep 'n beeld van geweldige mag en onstuitbaarheid en is beskrywend van Turnus se vaardigheid en ontsag wat hy wek as kryger.

Nie lank hierna nie, wanneer hulle die kamp bereik en nie kan inkom nie, word Turnus vergelyk met 'n wolf. Hy jaag om die mure van die kamp op soek na 'n ingang soos 'n wolf om 'n veekraal. Die HAT (Odendal & Gouws, 2000:1376) definieer die figuurlike betekenis van “wolf” as 'n “persoon wat 'n ander se ondergang bewerk”. Dis die eeue-oue beeld van iemand wat onbetroubaar en vraatsugtig is wat oral-oor in die letterkunde opduik. Hierdie vergelyking is baie treffend vanweë die geweldige realisme daarvan — dit is weer eens 'n tasbare beskrywing — en ook vreesaanjaend. Blanckenberg (1980:259) se vertaling vang die intense begerigheid van die wolf baie goed vas wat beskrywend is van Turnus se obsessionele drang na oorlog:

“net soos 'n wolf wanneer hy om 'n vol kraal
kruip en in die middel van die nag
al om die heining huil en wind en reën
verduur. Maar veilig by hul moeders
blêr die lammers lustig; hy, wild en woest
van woede, tier oor wat hy nie kan kry nie.
Sy lang en opgehoopte hongerdrif
kasty hom; sy droë kake smag na bloed.”

Die lammers verwys weer na die vergelyking van Aeneas as die skaapwagter.

Ons kry weer die wolf-vergelyking later in Boek IX, net na die arend-vergelyking. Nadat die Rutuliërs die Trojaanse kamp aangeval het, agtervolg Turnus Lycus te voet. Laasgenoemde word deur sy vriende tot bo-op die muur getrek waarvandaan Turnus hom met groot krag afruk. In hierdie gewelddadige afruk word Turnus vergelyk met 'n arend en 'n wolf, maar nie sommer net enige arend of wolf nie: Vergilius voeg detail by die vergelykings wat die trefkrag daarvan net soveel sterker maak.

“net soos wanneer 'n arend, Jupiter
se bliksemdraer, met gekromde kloue
'n haas of blinklyfswaan opraap en na
die hoogtes yl, of soos wanneer die wolf
van Mars 'n skaaplam uit die kraal uit gryp,
terwyl die ooi met groot geblêr hom soek” (Blanckenberg, 1980:277).

Die verwysings na die gode; Jupiter, die magtigste, se weerligstrale van woede en Mars, die god van oorlog, versterk die reeds meedoënlose beeld van Turnus. Die haas en die skaaplam is beelde van intense weerloosheid, terwyl die swaan altyd by 'n mens 'n gevoel wek van iets wonderskoons en majestueus — dis soos 'n sonde om so iets te kwes. Turnus se wreedheid word verder beklemtoon deur die jammerlike beeld wat die blêrende ooi skep — weer eens 'n sinspeling op Aeneas die herder.

Ook in Boek IX is daar 'n kort metafoor waarin Turnus met 'n tier vergelyk word. Pandarus stamp die hekke van die Trojaanse kamp oop en laat sodoende meer Latyne in as wat hy Trojane uitstuur om te gaan veg. Turnus word vir die soveelste maal voorgestel as 'n roofdier:

“O dwaas, wat nie in die gedrang die prins
van die Rutuliërs sien inbars nie
en hom nog boonop in die stad opsluit —
'n woeste tier by hulpelose vee!” (Blanckenberg, 1980:284).

Aan die einde van Boek IX (r. 791-798) skep die Trojane nuwe moed en storm hulle af op Turnus. Hulle getalle is so oorweldigend dat hy moet vlug. Nou is die rolle omgekeer, maar Turnus is nie 'n hulpelose lam nie. Hy word vergelyk met 'n verwoede leeu. Dit is 'n illustrasie van sy goeie kwaliteite as kryger — hy is vreesloos en onstuitbaar, maar tog kundig wanneer hy sien dat hy nie 'n kans staan nie. Die verwysing na die leeu dui weer eens op sy adellike: net soos wat die leeu koning is van die diere, is Turnus prins van die Rutuliërs. Daar word ook weer gedui op sy *furor*, met *ira* wat twee maal voorkom (r. 795 en 798); eersgenoemde aan die begin van sy reël en laasgenoemde aan die einde van sy reël wat die hele gebeurtenis omarm in 'n idee van woede.

In Boek X (r. 454-456), net voordat Turnus vir Pallas aanval, word hy weer vergelyk met 'n leeu. Hierdie keer is die leeu weer in die bevoordeelde posisie — hy soek die bul uit voordat hy hom aanval. Hierdie vergelyking sluit aan by Turnus se aandrang 'n paar reëls vroeër (r. 442):

“Vir Pallas takel ek alleen!
Aan my alleen kom Pallas toe!” (Blanckenberg, 1980:304).

Hy het 'n intense begeerte om Pallas aan te val wat beklemtoon word deur sy gewelddadige woorde: *cuperem ipse parens spectator adesset* (r. 443) [ek wens dat sy vader self as toeskouer hier kon gewees het]. Hier word 'n afstootlike beeld geskep van Turnus se bloeddorstigheid, 'n obsessionele oorlogsdrang.

Buiten sy gevegskuns en dapperheid wat geprys word, word Turnus deurgaans vergelyk met roofdiere. Al hierdie diere is kenmerkend vir hul wreedheid en hulle slinkse, skielike aanval op die prooi. Hierdie beelde staan in sterk opposisie met Aeneas as die herder. Dit is alles diere wat deur die eeue heen nog ontsag by die mens gewek het, maar ook vrees en haat; vrees vanweë hul mag en onvoorspelbaarheid en haat by die skaapwagter of veeboer.

Maar net voordat alles bymekaarkom in Boek XII, word daar 'n beeld van Turnus geskep wat heeltemal anders is as die vergelykings van die roofdiere. Wanneer hy ten volle geklee in sy oorlogsgewaad van koper en goud van die burg afstorm, word hy vergelyk met 'n trotse hings (Boek XI, r. 492-497). Vir sy lojale diens aan die mens in oorloë, spoggerige optogte, landbou of bloot as betroubare vervoermiddel, is die perd deur alle eeue heen geprys. 'n Trotse en elegante dier wat die mens bewonder sonder om hom te vrees en wat die toonbeeld is van skoonheid.

“net soos 'n hings as hy sy halter breek
 en eindelijk vry die stal uit vlug,
 die wye veld sy eie maak en na
 die merriekuddes op die weiveld pyl;
 of as hy wegspring om, soos hy gewoon is,
 in 'n welbekende waterstroom te baai
 en uitgelate runnikend sy kop
 hoog lig, terwyl sy maanhaar oor
 sy nek en oor sy skouerblaaië speel” (Blanckenberg, 1980:341).

Alhoewel die hings ook 'n beeld van onvoorspelbaarheid en impulsiwiteit skep, is dit 'n ander irrasionaliteit as by roofdiere. Dit is daardie onvoorspelbaarheid wat juis sy aantrekkingskrag versterk. Hierdie vergelyking is dus enersyds 'n lofsang aan Turnus se trots as kryger, andersyds 'n lofsang aan sy uiterlike skoonheid wat sy geheelbeeld verbeter voor die laaste Boek.

4. *Aeneas: Apollo, die eikeboom, hemelliggame*

Daar is reeds verwys na Aeneas as die herder — die beskermer en getroue leier. In Boek IV word sy uiterlike kwaliteite geprys met 'n Apollo-vergelyking. Dit is 'n baie lang en gedetailleerde vergelyking wat strek oor 7 reëls (143-149). Volgens die *Reader's Digest Great Encyclopaedic Dictionary* (1964:1343) was Apollo in die Antieke tyd voorgestel as die ideale manlike skoonheid. Hy was die beskermgod van musiek, profesie, medisyne, boogskietery en die omsien na troppe vee. Dit is dus 'n vergelyking wat perfek inpas by Aeneas — 'n herder van formaat. Dit herinner aan die kunstenaar-vergelyking in Boek I met die beskrywing van Apollo se pragtige hare en die verwysing na goud. Daar is ook 'n verwysing na Kretensers, Dryope en Agathyrse wat rondom hom saamdrom. Dit is 'n aanduiding van Aeneas se gewildheid en die bewondering wat sy manne vir hom het. Blanckenberg (1980:107) se vertaling van die laaste paar reëls is vir my baie treffend, want dit bevat 'n goeie balans tussen skoonheid en manlikheid soos verwag by 'n god:

“...hy self dwaal teen die hang van Cynthusberg
 en stryk sy golwende hare; hy bind dit vas
 met sagte loof en wikkel dit in goud;
 en om sy skouers, kletterend,
 hang sy jaggerei — net so het

Aeneas lenig voortbeweeg, en net so het die skoonheid uit sy edele gelaat gestraal.”

Nadat Aeneas vir Dido gesê het dat hy haar moet verlaat, het sy hom oor en oor gesmeek om te bly, maar hy het vasgestaan in sy besluit soos 'n ou eikeboom in die grond.

“...Soos die winde uit die Alpe in die Noorde ruk en pluk en...mededingend beur om 'n eik, so stoer en kragtig in sy jare, uit te pluk — daar kom 'n giergeluid, die boomstam skok ...maar hy klou aan die rotse vas en stuur so hoog soos sy takke boontoe stoot, so diep sy wortels na die skimmeryk — so word die held ook heen en weer geruk... Hy voel die leed van liefde in sy hart, maar sy besluit staan onbeweeglik vas...” (Blanckenberg, 1980:118-119).

Die eikeboom is 'n simbool van standvastigheid en onverstoortbaarheid — belangrike eienskappe by 'n leier. Verder gee die implikasie van ouderdom wat saam met 'n ou eik kom, die idee van wysheid. Aeneas se besluit is 'n moeilike een wat net deur 'n wyse persoon gemaak kon gewees het wat die geheelbeeld sien en nie net vaskyk in die oomblik nie.

Die volgende vergelyking wat op Aeneas betrekking het, is oop vir 'n negatiewe óf 'n positiewe interpretasie. Wanneer Aeneas terugkeer van Evander af, is hy geklee in sy volle oorlogsgewaad. Soos die Rutuliërs sy vloot sien aankom, word hy vergelyk met komete en die Hondster. Aan die een kant is dit beelde van grootsheid en goddelikheid, maar aan die ander kant het dit 'n sterk negatiewe konnotasie — dit bring lyding vir die vyand.

“...soos wanneer komete in 'n helder nag 'n ramp voorspel en bloedig gloei, of as die Hondster vurig opkom, droogte en siektes vir die arme sterfling bring...” (Blanckenberg, 1980:298).

Hierdie beeld illustreer hoe oorlog altyd twee kante het en hoe dit op die ou-end moeilik is om 'n “wenner” aan te wys aangesien beide kante moet moor en genadeloos wees. Hierdie laaste vergelyking van Aeneas, voor Boek XII, laat die leser met gemengde gevoelens oor die held en is miskien bedoel as voorbereiding op die einde van die epos. Tot dusver is Aeneas nog net in positiewe, goddelike of bewonderingswaardige vergelykings beskryf, maar hier word hy vergelyk met iets onheilspellends.

Net soos in die geval van Turnus, is hierdie vergelykings daarop gemik om 'n beeld van Aeneas te skep wat al sy fasette ten toon stel. Vergilius wil op die ou end die oordeel aan die leser oorlaat, net soos wat hy die einde van die epos oop laat vir verskeie interpretasies.

5. *Boek XII*

In hierdie Boek kom die twee helde vir die eerste keer van aangesig tot aangesig teen mekaar te staan. Daar is weer eens verskeie dier-vergelykings wat op Turnus betrekking het terwyl Aeneas vergelyk word met die weer. Dan is daar drie vergelykings waarin albei met dieselfde verskynsels vergelyk word wat vir ons hul sterk ooreenkomste uitspel. Tot dusver het ons meer te make gekry met hul verskille onder verskillende omstandighede, maar hier sien ons hulle in presies dieselfde omstandigheid en nou is hulle nie meer so verskillend nie.

Reeds aan die begin van die Boek, sien ons Turnus se oorweldigende woede wat dwarsdeur tot die einde aanhou. Hy word vir die derde keer vergelyk met 'n leeu. Hierdie slag 'n gewonde leeu wat ons weet 'n uiters gevaarlike en aggressiewe dier is. Dit is 'n baie raak beskrywing van sy onbeteuelde woede wat weer eens beskryf word in vuur-terme: *ardet* (r. 3) en *accenso... Turno* (r. 9). Hy besef dat hy aan die verloor is en dit maak hom waansinnig.

“Soos 'n gewonde leeu in Afrika
se velde, met sy bors deur wonde van
die jagters swaar getref, eers dan
en onvervaard met bloedbesmeerde bek
die ingeplante werpspies van die jagter
brullend breek — so groei geweld
ontstuimig in die ontstoke Turnus...” (Blanckenberg, 1980:358).

Hier tref ons ook weer die idee van jag aan — Turnus as die teiken — soos in Boek IX (ook die leeu as teiken) en weer later in Boek XII (die hert).

Wanneer die twee helde vir die eerste maal regmaak vir die tweegeveg, is daar min verskil tussen hulle. Turnus word vergelyk met 'n bul wat ook gereedmaak vir 'n geveg (r. 103-106). Hierdie vergelyking word later in die Boek geëgo wanneer beide Turnus en Aeneas met bulle vergelyk word. Die bul dui ook op irrasionaliteit en onbeheersde woede wat ons teen die tyd al verwag by beskrywings van Turnus. Die groot ooreenkoms tussen die twee helde word aangedui deur die woorde wat volg op die bul-vergelyking, *nec minus...saevus* (r. 107): “nie minder verwoed nie...” Ook Aeneas word beskryf as opgewerk vanweë 'n oorlogsdrang en hy roer homself op tot woede: *se suscitata ira* (r. 108).

Die eerste tweegeveg kom egter tot niks en daar is weer 'n massa-geveg. Turnus maak links en regs dood en word teenoor Mars gestel in 'n lang gedetailleerde vergelyking (r. 331-338).

“Net soos wanneer die bloedbesmeerde Mars
...die donder op sy vegskild slaan en so
sy perde vurig na die slagveld stuur...
en rondom maal geselle van die god:
die swart gestaltes van die *Vrees*, van *Woede*
en *Verraad* — net so jaag Turnus oor die veld
met perde dampend van sweet, terwyl hul trap
op vyande so jammerlik gedood” (Blanckenberg, 1980:370-371).

Dit is 'n beeld van intense wreedheid; 'n blindelinge doodmaak van mense links en regs en 'n respekloosheid vir die dooies. Die geselle dui op drie karaktertrekke van Turnus wat uitstaan in die epos, alhoewel sy vrees net vir die gode is. Dit is veral erg as 'n mens dink hoe belangrik die liggaam van die gestorwene in die Antieke tyd vir die familie was. Hierdie vergelyking breek dus enige moontlike respek wat 'n mens vir Turnus kan hê, totaal en al af. Turnus se dulle vaart word verder beklemtoon deur die wind-vergelyking waarin die veglinies wat voor hom vlug, vergelyk word met noordewinde wat golwe land toe dryf (r. 365-369).

Nadat Aeneas sy seun gegroet het voor die oorlog, bestorm hy en sy manne die Latyne en word hy vergelyk met 'n storm (r. 450-458). Maar waar Aeneas in vroeëre Boeke die skaapwagter was, het ons hier 'n beangste boer wat vrees vir sy gesaaides as hy die onweer sien. Hierdie vergelyking illustreer vir ons Aeneas se verwoede, halsoorkop sy. Dit stem ook baie ooreen met die reeds-genoemde vergelyking waarin die linies voor Turnus wyk:

“...soos 'n vlag Edoniese noordewind
wat oor die diep Aegeïese water dreun
en golwe na die land toe jaag...” (Blanckenberg, 1980:372).

En Aeneas:

“...soos waneer daar stormwolke losbars
in die lug en oor die oop see land toe rol” (Blanckenberg, 1980:375).

In reëls 521-528 word Aeneas en Turnus vir die eerste maal in dieselfde vergelyking genoem. Hiër is dus geen verskil tussen hul reaksies en gevoelens nie. Hulle is soos vure of sterk riviere en in beide kook woede — *fluctuat ira intus* (r. 537).

“Soos vure uit teenoorgestelde oorde in
'n droë woud van ruisende lourier-
bosse gestuur; of soos riviere wat
in dolle vaart van hoë berge af
na onder skuimend val...
...waar hul verwoesting op hul paaie saai” (Blanckenberg, 1980:377).

Dan word albei vergelyk met 'n rots/berg, maar nie in dieselfde vergelyking nie. Aeneas word vergelyk met drie geweldige berge (r. 701-703): Athos, Eryx en Apenninus — beelde van onstuitbaarheid en blywendheid. Turnus word vergelyk met 'n rotsdeel wat losbreek en by 'n berg afval (r. 684-689). Dit is reeds 'n aanduiding van die toekoms — die Noodlot het bepaal dat Aeneas “behoue” moet bly, terwyl Turnus se lot hom na 'n vroë dood sal lei. Blanckenberg (1980:383) se vertaling van die rots-vergelyking dui baie mooi die verganklikheid daarvan aan in teenstelling met die blywendheid van die berge, reeds oud en bekend.

“...soos wanneer 'n rotsblok bo
van 'n bergtop af na onder stort —
deur stormwind geruk en losgespoel deur reën,
of as sy ouderdom met die verloop
van jare hom verbrokkel het. Die niks-
ontsiende massa stort dan met geweld
die afgrond in...”

Hierop volg egter 'n tweede bul-vergelyking waarin albei bulle is — gelykes in mag, woede en veglustigheid.

“En soos...twee bulle kop teen kop venynig veg
...maar hul, met groot geweld, ruil wonde met mekaar,
beur teenmekaar, stoot horing in en was
met baie bloed die nekke en die blaie...” (Blanckenberg, 1980:385).

Hier is 'n balans wat hul eendersheid onder gevegsomstandighede illustreer. Albei word ewe erg gekwes en daar blyk geen maklike wenner te wees nie. Hierdie balans word beklemtoon in die volgende paar reëls (725-727) waaruit ons sien dat die eindelike besluit by Jupiter lê en dat Aeneas en Turnus onder “normale” omstandighede so te sê eweknieë is.

“En Jupiter hou self twee weegskale
in ewewig omhoog...” (Blanckenberg, 1980:385).

Die laaste vergelyking in die epos gee ons reeds 'n aanduiding van hoe die einde daar sal uitsien (r. 749-755). Aeneas is 'n jaghond — vir die eerste keer 'n roofdier — en Turnus is 'n hert — weerloos soos die “lammers” wat hy as “wolf” bedreig het. Die hert-vergelyking is

natuurlik 'n eggo van Dido wat as 'n hert beskryf is. Net soos sy, is Turnus ook nou Aeneas se onskuldige en magtelose slagoffer, deur die Noodlot so bepaal. Turnus kan nêrens heen vlug nie, maar word tog nagejaag: nou is Aeneas die bloeddorstige karnivoor.

“Aeneas agtervolg, nie minder knaend nie...
 net soos wanneer 'n jaghond op 'n hert
 afkom wat ingesluit word deur 'n stroom...
 maar die hert — uit vrees vir die hoë wal en strik —
 vlug heen en weer oor duisend weë weg.
 Tog hou die flukse Umbriër sy spoor;
 sy bek spalk oop en nou-nou het hy hom...
 sy kake en leë lug bedrieg sy byt” (Blanckenberg, 1980:386).

Hierdie beskrywing herinner aan Turnus as die wolf, ook met oop kake. Turnus se posisie het dus totaal verander en so ook gee dit 'n ander weergawe van sy karakter — hy kan ook weerloos en bejammeringswaardig wees.

Hierdie laaste Boek gee, na my mening, vir die leser die mees objektiewe beeld van beide karakters. Waar die epos begin met “'n man, uitstaande vanweë sy pietas”, eindig dit met 'n genadelose, wrede soldaat. En waar Turnus aanvanklik die “arrogante Rutuliër” was, is hy nou die weerlose hert. Ek dink Vergilius het hierdie laaste Boek haarfyn beplan om dit 'n oop einde te gee sodat die onus op die leser rus om self te oordeel. Lei oorlog ooit tot iets goeds, of breek dit goeie karakters af tot onmenslike gevegsmasjiene?

6. Slot

Wat vir my veral opvallend was in die lees van die *Aeneïs*, was dat Turnus hoofsaaklik met diere vergelyk word en Aeneas met bomenslike goed. Dit is reeds 'n aanduiding van die verskil in hul karakters. Diere dui op impulsiwiteit en instinkte; hulle kan nie vooraf beplan of nadink nie en hulle lewe vir die hier en nou. Op dieselfde onnadenkende wyse wou Turnus sy eer herstel en as veglustige persoon het hy nie veel meer rede nodig gehad om wapens op te neem nie. Aeneas word vergelyk met goddelike en tydlose verskynsels. Dit dui op sy insig en wysheid — die eienskappe wat vir hom nodig was om die rol wat die Noodlot vir hom bepaal het, te vervul. Die groot paradoks tref ons by die heel einde van die epos aan wat 'n mens met 'n onsekerheid laat oor die beeld wat tot dusver van beide geskep is. Skielik is Aeneas op dieselfde vlak as Turnus. Aeneas wat dwarsdeur die epos die *pius* rasionele held was, reageer irrasioneel. Hier is geen wysheid en insig aanwesig nie; net blinde *furor*.

In my studie het ek gesien hoe relevant hierdie epos steeds vandag is. Die meeste mense is steeds onbewus van die lewenslesse wat Vergilius in sy tyd vir sy mense wou leer. Die mens word so gereeld gewaarsku teen oorlog; deur ouer geslagte, ou geskrifte, voorbeelde uit die verlede en diegene in die moderne tyd wat 'n bietjie meer insig het as die massas, maar steeds duur oorlog voort. Dit laat 'n mens net wonder: het die mens al enigsins ontwikkel sedert honderde jare voor Christus of het hy geestelik 'n plato bereik waarmee diegene met meer insig moet leer saamleef?

BIBLIOGRAFIE

- Blanckenberg, N A 1980. *Vergilius. Van Wapens en 'n Man*. Durbanville: Uitgewery Boschendal.
- Fairclough, H R (vert.). 1930. *Virgil. In two volumes*. London: William Heinemann. Vol. I & II.
- Odendal, F F & Gouws, R H (reds.). 2000. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Quinn, K 1968. *Virgil's Aeneid. A Critical Description*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Reader's Digest Great Encyclopaedic Dictionary*. 1964. London: Reader's Digest Association. Vol. 3.